Preek van 27 Oktober 2019

**1. Die Christelike kerk na die opstanding van Jesus**

Op Pinksterdag is 120 gelowiges bymekaar in Jerusalem om te bid. Na die uitstorting van die Heilige Gees kom 3 000 mense tot bekering en die eerste Christelike gemeente word gestig in ongeveer 31 na Christus.

Paulus word die eerste sendeling wat, op sy sendingreise, onder andere verantwoordelik was vir die stigting van gemeentes in Klein-Asië.

In 70 na Christus word Jerusalem deur die Romeine verwoes en het grootskaalse vervolging van Christene uitgebreek. Christene vlug vir hulle lewens en dit bring die vinniger versprei van die evangelie teweeg.

**2. Tydperk van groei**

In dié tyd het die Ou Testamen(90 na Christus) en die Nuwe Testament(397 na Christus) finale vorm gekry. Ook die Apostoliese Geloofsbelydenis(150 na Christus) het tot stand gekom.

In die eerste 3 eeue na Christus word Christene wreed vervolg.

Dit het geduur tot 313 na Christus toe keiser Konstantyn van die Romeinse ryk 'n wet uitgevaardig het wat godsdiensvryheid waarborg. Vir die eerste keer in die Nuwe Testamentiese geskiedenis kon Christene hulle geloof openlik uitleef.

In 380 na Christus word Christendom amptelike staatsgodsdiens. Alle wette van die ryk is in oorstemming met Bybel gebring. Die kruis, as embleem van die keiser, is onder meer op die skilde van soldate aangebring.

Die goeie tyd het gemaak dat die kerk gemaksugtig geraak het. Innerlike verval, bygeloof en dwalinge het voorgekom.

**3. Tydperk van verval**

Teen 500 na Christus breek die donker Middeleeue aan. Die pous is as hoof van die kerk aangewys en hy het hom baie mag toegeëien. Die Bybel was net in Latyn beskikbaar, wat veroorsaak het dat net geleerde geestelikes dit kon lees. Die kerk het in kloosters begin terugtrek en so kontak met wêreld en gewone lidmate verloor.

Dwaalleer, soos die verdienstelikheid van goeie werke en die aanbid van moeder Maria, het voorgekom. Die aflaatstelsel, waar jy vir jou of selfs vir jou afgestorwe geliefdes vergifnis van sonde kon kry deur die betaling van 'n som geld, is ingestel.

In 622 na Christus ontstaan die Islam godsdiens.

In 1054 na Christus bereik die kerk 'n laagtepunt in sy geskiedenis toe die kerk skeur en die Rooms Katolieke en Grieks-Ortodokse Kerk ontstaan.

Geestelike verval neem toe en al hoe meer lidmate verloor kontak met kerk. Dit het voortgegaan tot 1 500 na Christus.

**4. God se Nuwe begin**

Na die Middeleeue breek die Renaissance, 'n tydperk van vernuwing en ontwikkeling op alle terreine van die samelewing aan. Alhoewel dit al vroeër begin het, is dit ook die tydperk van die Reformasie, die begin van die groot hervorming in die kerk.

**5. Die leer van die Hervormers.**

Die Hervormers staan op die 5 sola's: net die Bybel; genade alleen; geloof alleen; Christus alleen en aan God alleen die eer.

'n Verdere belangrike slagspreuk van die Hervormers was dat 'n gereformeerde kerk altyd moet bly reformeer. Gereformeerd wees beteken nie om blindelings tradisies aan te hang nie, maar om vanuit die Woord altyd nuut te dink oor die eise wat die tyd aan die kerk stel. Ons is ook Protestante, wat beteken dat ons, soos Jesus Christus moet opstaan vir wat reg is en moet bly protesteer teen dit wat verkeerd is in die samelewing.

**Skriflesing:** Efes 2:1-10

**Tema:** Wat sal die Hervormers sê?

Ons gaan kyk wat ons leer uit die lewens van 2 hervormers, Johannes Hus en Maarten Luther.

**Vandag sal ek met vreugde sterf – Johannes Hus**

Die verhaal van ***Johannes Hus***, een van die eerste Hervormers, het op Maarten Luther 'n groot impak gehad al het hy meer as 'n eeu voor Luther geleef. Johannes Hus se moed van oortuiging om vir die Here Jesus op te staan, al kos dit hom sy lewe, het Luther geïnspireer om sy eie pad met die Here voluit en enduit te loop.

Johannes Hus is op 6 Julie 1415 finaal gevonnis tot die dood. Hy was 46 jaar oud. Sy kettery was dat hy die Skrif se gesag bo dié van die kerk geag het en geleer het dat 'n mens nie iets anders as Christus nodig het vir sondevergifnis nie. Hy het vasgestaan op die Bybel en Christus alleen as Verlosser. Hy het sterk teen die aflaatstelsel en die verering van heilige objekte in opstand gekom.

Voor keiser Sigismund het die biskoppe sy siel aan die duiwel toevertrou, waarop Johannes Hus geantwoord het: *"En ek wy dit toe aan die mees barmhartige Here Jesus Christus." Solus Christus*.

Op pad na die brandstapel het Hus verby 'n "*bonfire*" van sy boeke gestap. Hy het gestop, gelag, en vir die omstanders gesê om nie al die leuens wat oor hom vertel word, te glo nie. Toe hy by die brandstapel kom, het hy gekniel en gebid. Vir die laaste keer is hy gevra of hy sy besware teen die kerk terugtrek. Hy het geantwoord: *"God is my getuie dat die getuienis teen my vals is. Ek het nooit iets gedink of gepreek wat nie gemik was daarop om mense te red van hulle sondes nie. Ek het die waarheid van die evangelie geskryf, geleer en gepreek;* ***vandag sal ek met vreugde sterf****."*

Hulle het Johannes Hus se kleed uitgetrek, sy hande agter sy rug vasgebind en sy nek met ’n geroeste ketting aan die brandstapel vasgemaak. Hy het daarop kommentaar gelewer met ’n glimlag dat sy Redder met ’n swaarder ketting geboei was.
Toe die vuur aangesteek is, het Hus ‘n weergawe van die Jesus-gebed begin sing: *“Christus, Seun van die lewende God, wees* ***ons*** *genadig”* en toe: *“Christus, Seun van die lewende God, wees* ***my*** *genadig.”*
Hy het met ’n gebed begin wat hy nie klaargemaak het nie, want die wind het die vlamme in sy gesig gewaai.

Johannes Huss se woorde was: “Vandag sal ek met vreugde sterf.” Is jy bereid om vir Christus te sterf?

Vir die groot hervormer, Maarten Luther was die woord “Middelaar” ‘n beskrywing van die hart van Jesus se werk. Jesus is die Een wat ons verhouding met God herstel.

Luther het aanvanklik in groot vrees vir God geleef. Hy het God gesien as ‘n slawe eienaar en het letterlik gebewe van vrees as Hy voor God verskyn het.
Hy het geglo dat God bitter onregverdig is om van ons te verwag om reg te lewe, want ons is gebore as slawe van sonde. Dan vra God van ons om aan al die eise van sy wet gehoorsaam te wees, en ons kan eenvoudig nie, omdat die kettings van die sonde ons vasbind.
Boonop help die evangelie ons ook nie, wat Jesus roep ons op om volmaak te wees soos Hy.

Daarom het die arme Luther hom byna doodgewerk. Hy het reguit verklaar dat as iemand dit kon regkry om homself in die hemel in te werk, dan was dit hy. Sy gesondheid het ingegee want hy het dae lank nie geëet of gedrink nie, maar net gebid en goeie werke probeer doen.
Sy geestelike vader het hom naderhand gesmeek om op te hou om iets uit te dink wat hy kon bely as sonde.
Luther se kreet was: “Waar kan ek ‘n genadige God kry?”
Hy skrywe: “Ek het hierdie regverdige God, wat van ons volmaakte geregtigheid verwag, eintlik gehaat, want ek het beleef dat Hy baie onregverdig is om hierdie onmoontlike eise aan ons te stel. Tot ek eendag die boek Romeine gelees het en in Romeine 1:16 gehoor het: “Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, in die eerste plek Jood, maar ook die nie-Jood.”
Toe het die hemele bo my oopgegaan. Dit het gevoel of ek weer gebore is. Ek het skielik besef: die geregtigheid is nie iets wat ek verwerf, verkry, of voor werk nie, maar dit is ‘n onverdiende geskenk, van die Middelaar. Dit is vry, verniet, slegs deur geloof in Jesus Christus alleen.

Op 31 Oktober 1517, 502 jaar gelede en toe Luther 34 jaar oud was, spyker hy sy 95 stellings teen die dwaalleer in die kerk teen die kerkdeur van Wittenberg vas.

Op 3 Januarie 1521 is Luther amptelik deur die pous uit die Kerk geban.

Keurvors Frederik het die keiser laat beloof dat hy Luther nie sonder verhoor sou veroordeel nie. Luther is gevra om voor die Ryksdag van Worms, 'n soort parlementêre vergadering, te verskyn.
Luther se vriende het hom ten sterkste afgeraai om na Worms te gaan. In Worms is hy tot ergernis van sy vyande deur groot skares begroet.
In April 1521 het Luther voor die vyandiggesinde keiser Karel V verskyn, sy geskrifte as Bybels geregverdig verdedig en geweier om enigiets daarvan te herroep, Dit was by dié geleentheid dat Luther sy betoog met die nou bekende woorde afgesluit het: "Hier staan ek - ek kan nie anders nie! God help my! Amen."

Is jy bereid om so vir Christus te leef? Is jy bereid om ten spyte van erge teenstand en vervolging op te staan en vas te staan vir Hom?

Ek sluit af met die e-pos van ‘n lidmaat wat ons 2 weke gelede, die dag na ons met eredienste in die verbeterde kerkgebou begin het, ontvang het. Veral die laaste sin het my diep getref. Dit gaan vir ons inderdaad oor Jesus Christus alleen.

Terugvoer oor ons ondervinding van die verbeterde kerkgebou.

Ons loop al van die ontstaan van Kraggakamma Kerk saam, en ons kinders het hier groot geword. Dit was vir ons baie moeilik om te verstaan dat dit nodig is om die preekstoel te verwyder. Ons dink nie die kerk is heilig as sulks nie, maar met die hoeksteenlegging is dit aan God toegewy en vir ons was dit nog altyd 'n plek om te eerbiedig.
Daarom het ons met baie onsekerheid in die hart gisteroggend die diens bygewoon.

Ons was werklik beïndruk.  Die rustigheid, atmosfeer en styl, ag sommer die hele "set-up" het goed gevoel en agterna het ons besef dat ons nie dadelik die preekstoel gemis het nie. Ek dink dit is omdat die Kruishout teen die muur baie meer opsigtelik is as voorheen, en na alles gaan dit tog om die Kruis.

Ryke seën word u toegebid.
**Amen**